

die Dopper Chopper

CACHET

GEREFORMEERDE KERK

2 September 2018

Semester II: Uitgawe 25

Potchefstroom

www.gkcachet.org.za



**Fondsinsameling vir die bouprojek, week 13 –
kontak vir Brahm met navrae (nommer op bl. 4)**

Die afgelope week ingesamel: R28 520

Dusvêr ingesamel: R234 189

Oggenddiens

Prof. Francois Muller

Lees:

Jeremia 2: 1-20

Sang:

Psalm 8–1: 1, 2, 3, 4 & 8

Skrifberyming 9–1 (ou 26): 1, 2, 10 & 11

Psalm 119–1: 22, 26 & 33

Psalm 31–2: 1 & 3

& 31–1: 15 & 17

Aanddiens - by GK Bult, 19:00

Brahm Robinson

Lees:

Jesaja 6:1-8

Skrifberyming 1–2: 1-3 (beurtsang: 1 mans;
2 dames; 3 almal)

Tema:

Heilig, heilig, heilig is die Here

Skrifberyming 10–1: 1-4 (beurtsang:

1 & 4 almal; 2 mans; 3 dames)

Psalm 24–1: 2, 3 & 4

Sang:

Psalm 115–1: 1, 7, 8 & 9

Psalm 138–1: 1, 2 & 3

Skrifberyming 18–3: (beurtsang:) 1-2 almal;
3-4 mans; 5-6 dames; 7-8 almal

Psalm 150–1: 1, 2 & 3

Hierdie week:**Oggend**

Diens: Diens van barmhartigheid

Deure: Emiritaatversorging

Aand

Diens: Instandhouding van erediens

Deure: Instandhouding van GS

Volgende week:**Oggend**

Diens: Diens van barmhartigheid

Deure: Uitreike

Aand

Diens: Instandhouding van erediens

Deure: Klassis Potchefstroom

Die jaarkollektelys is op die laaste bladsy van die kalender (op die webwerf)**Kalender: maak knopies in die ore!****September**

2: Gesamentlike lentediens by Bult 19:00 – kontak Willem (nommer bl. 4) vir vervoer! (gewone oggenddiens in die Oudit)

7-9: Intergemeentekamp

Vrae-wat-pla-boks

Dikwels gebeur dit dat lidmate vrae of gedagtes het rondom moeilike sake, terwyl dit nie altyd maklik is om daar-oor met iemand te praat nie. Dit kan dinge wees waarna in preke verwys word, of dinge wat uit jou persoonlike lewe kom. Om dié rede het ons nou 'n "vrae-wat-pla-boks" by die skerppunt. Die doel van die boks is sodat enigiemand 'n vraag of gedagte anoniem daarin kan gooi. Daar sal dan in preke of tydens toerus-

tingsgeleentehede aandag aan die spesifieke sake gegee kan word.

Die eerste beantwoorde vraag volg op bladsy 3.

Verjaarsdae hierdie week,**2 - 9 September:**

Johan	De Beer	09/02	27833009868
Estmia	Van der Walt	09/02	27786257400
Johané	Senekal	09/03	27746039792
Jacques	Du Plessis	09/07	27820441532
Daniël	Coetsee	09/08	
Bouwe	Wiersma	09/08	27612348998
Suzanne	Kruger	09/09	27769926699
Theunis	Van Wyk	09/09	27836807844

Kompetisie: Gee name/simbole vir die badkamers

Die GS is stadig maar seker besig om 'n nuwe baadjie aan te trek. Ons bou vier nuwe badkamers en hulle kort name en/of simbole wat ons op hulle deure kan aanbring om hulle te identifiseer. Daar is twee dames- en twee mansbadkamers. So, wees kreatief en dink aan oulike name en/of simbole wat ons daarvoor kan gebruik. Dit kan Bybels wees of eg Afrikaans. Jy kan sport of jou studierigting gebruik vir inspirasie. Jy kan selfs nuwe name uitdink en nuwe simbole ontwerp wat 'n interessante betekenis dra. Solank die mense wat die badkamers moet gebruik net nie in die war is oor watter deur om oop te maak nie (want dit kan lei tot baie pastorale beradingswerk vir oom Frans). Die inskrywings moet aan Brahm gestuur word voor of op 14 September 2018. Dit kan per WhatsApp (064 656 1374) of e-pos (brahmrobinson@gmail.com) gedoen word.

Saam met jou inskrywing moet jy 'n kort beskrywing vir jou naam/simbool gee so- dat die beoordeelaars deeglik ingelig kan wees oor hoekom jy jou naam/simbool. 'n Groep van die gesinslidmate sal die inskrywings beoordeel en die wenner(s) sal na die vakansie aangekondig word. Daar is pryse vir die wenners.



VRAE WAT PLA WAT BETEKEN "DIE BEKER VAN DANKSEGGING WAT ONS MET DANKSEGGING SEËN"?

Teks: 1 Korintiërs 10:16 (NAV) *Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie?* Regdeur die Bybel is die term *beker* figuurlik in twee betekenisse gebruik:

Dit is gebruik om deelname in die seëninge van die Here aan te dui. (Psalm 16:5; 116:13).

Dit het ook deelname in die smart wat oor mense kom, aangedui. (Jesaja 51:17; Matt. 26:39v; Johannes 18:11).

By Nagmaal is die beker beide van vreugde en smarte. Van ons kant af is dit vreugde, en van Jesus se kant af smarte. Daarom noem Hy dit self 'n lydensbeker, sover dit sy verlossingswerk aangaan.

Dit is betekenisvol dat al die vermeldings van die Nagmaal in die Nuwe Testament, die stemming van feestelikheid dra. Dit is 'n fees waartydens God sy seën oor sy kerk bevestig, en waartydens die kerk God van hulle kant af van harte dank vir sy weldade oor hulle.

Die woorde in 1 Korintiërs 10:16 moet nie so verstaan word dat dit ons is wat ons seën oor die beker uitspreek nie. Om te seën en om te dank is presies dieselfde woord.

Die betrokke woord kan die volgende dinge beteken: om iemand te verheerlik of te prys; om 'n seën uit te spreek oor iets of iemand; om fees te vier; om te dank. Die woorde beteken in Grieks dat die seën wat uit die beker voortkom tot ons guns is. Die vertalers van die 1933 vertaling (OAV) het 'n verhewe manier gebruik om te beskryf dat ons die Here dank vir die seën wat Hy in die bloed

van Christus oor ons beskik. Die beker is daarvan die simbool. Die vertalers van die 1983-vertaling (NAV) het presies geskryf wat daar staan: ons dank God.

Die apostel Paulus noem die beker by die Nagmaal die "beker van dank" of die "beker van seën". Hy verwys hiermee na die Paasmaaltyd waar daar verskillende bekere gebruik is. Die "beker van dank" sluit aan by die derde beker van die Pasga. Die derde beker tydens die Paasmaal word die beker van seën of die beker van danksegging genoem. Dit is geskink nadat die ete klaar was. Ons lees in Lukas 22:15-20 dat die Here Jesus presies hierdie beker van danksegging gebruik het toe Hy gesê het: Hierdie beker is die Nuwe Testament in My bloed wat vir julle uitgestort word. Die apostel Paulus skryf ook dat die Here die beker na die ete geneem het (1 Korintiërs 11: 25) en die Nagmaal daarmee ingestel het. By die Nagmaal is daar bepaald die genade van verlossing deur die bloed van Christus wat deur die beker vertolk word. Daarom staan hier geskryf dat ons God spontaan vir hierdie beker dank.

Die Here openbaar daarmee aan ons die hele saak waaroor dit vir ons gaan: Dit dui op die verlossingsweldaad wat in Jesus Christus vir ons volbring word. Dit is vir ons die "beker van dank" aan die Here vir al sy genade.

Wanneer ons aan die Nagmaaltafel aansit, onthou ons daarmee dat die Here een offer op die aarde gebring het om ons te verlos. Die Nagmaal is deel van 'n baie lang gebruik wat die Here in sy kerk ingestel het. Soos die jong kerk waarvan Handeling 2:42, 46 praat, gaan ons steeds voort om met die Nagmaal te herdenk dat ons deel in die versoening wat die Here oor ons bewerk het in Jesus Christus. As jy die beker neem, onthou dan dat dit 'n beker van dank is. Dank God dan vir ons verlossing in Christus waarvan Hy ons aan die tafel verseker.

Verwerking van 'n preek van dr. M.J. du Plessis; Gereformeerde Kerk Bellville; Datum: 14 November 2004.

Skakel: <https://www.gkbellville.org/preke/PA1kori0c.htm>

Eredienste:

Afrikaans (met tolking na Engels) – 9:30 en 19:00 in die Sanlam-Ouditorium,
NWU-PUK, Potchefstroom

English – 10:45 in the Community Centre, Hoffmanstr. 28

Kom Net / Just Come – Sondagmiddae / Sundays 16:30 by gebou / at B7

Kerkkantoor:

Tannie Elsa Venter – 018 294 4894 of 079 494 7360

Ure – 08:30-14:00, weksdae

Gemeentesentrum, Hoffmanstr. 28, langs die NWU-PUK se hooftek

E-posadres – admin@gkcachet.org.za

Predikant:

Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374
brahmrobinson@gmail.com

Susters:

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

Predikant, Venterskroonwyk:

Prof. Rantoa Letšosa – 072 621 8387

Jubila-voorsitter:

Jan Gerhard Venter – 083 653 4938
jgventer27@gmail.com

Hulppredikante:

Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee –
084 577 1777

Kom Net:

Koos Müller – 079 707 1748

Pastorale berader:

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

Koster & PowerPoints:

Pierre Muller – 072 780 2866
cachetkoster@gmail.com

Voorsitter van die diakonie

(vir koskas, nood en skenkings):

Hanco Buys – 084 553 0011

Stuur enige inligting vir die

DopperChopper na:

Hardus Ludick – 082 324 4123
hardusludus@gmail.com

Bankbesonderhede

Gereformeerde Kerk Cachet

Takkode: 335-138

ABSA-tjekrekening

Rekeningnommer: 06 7034 0023

Verwysing: voorletters en van & wyk

voor of op Donderdae om 20:00

Allerlei:

Dirk Meijer – 084 488 5032



Vir vervoer na eredienste of kerkaksies:

Willem van der Westhuizen – 078 622 7348